

Hulpbron 12 / Resource 12

Studente

Hierdie hulpbron verduidelik grammatika konsepte en verskil daarom van hulpbronne 1 – 10. Hierdie hulpbron is slegs 'n opsomming van sekere konsepte. Jy moet steeds al die inligting in die studiegids lees wat met die bepaalde konsep verband hou.

AFRIKAANS

* The English version follows the Afrikaans version

Sintaksis (p. 130 – 135)

Sintaksis is die “bou van sinne”. Dit beteken dat ons hier nie na die aspekte van spesifieke woorde kyk soos by die morfologie nie (Hulpbron 11), maar eerder na die aspekte van sinne.

In hierdie module onderskei ons tussen drie tipes sinne: stelsinne, vraagsinne en bevelsinne.

1. Stelsinne: Dit is sinne waarin 'n stelling gemaak word, daar word m.a.w nie 'n vraag gevra of 'n bevel gegee nie. Byvoorbeeld:

- Ek hou van appels.
- Die vrou koop 'n rok.
- My buurman braai vleis.

Die basiese struktuur van sinne in Afrikaans is: 'n onderwerp, werkwoord (wat ook soms 'n *gesegde* genoem word) en voorwerp. Die onderwerp is die persoon / objek wat die aksie uitvoer. Die voorwerp is die persoon of objek waarop die aksie uitgevoer word. Die werkwoord is die aksie of handeling.

As ons die voorbeelde hier bo gebruik, lyk die sinstruktuur van elk soos volg:

- Ek (**onderwerp**) hou van (**werkwoord**) appels (**voorwerp**)
- Die vrou (**onderwerp**) koop (**werkwoord**) 'n rok (**voorwerp**)
- My buurman (**onderwerp**) braai (**werkwoord**) vleis (**voorwerp**)

Onthou dat sinne nie sonder 'n werkwoord kan funksioneer nie, maar dat voorwerpe wel uitgelaat kan word. Byvoorbeeld:

- My buurman braai = My buurman (**onderwerp**) braai (**werkwoord**)
- Hy sing = Hy (**onderwerp**) sing (**werkwoord**)
- Die kinders speel = Die kinders (**onderwerp**) speel (**werkwoord**)

Wanneer ons die voorwerp van 'n sin identifiseer kan ons voorwerpe as “direk” en “indirek” klassifiseer. Om dit te doen moet ons twee vrae beantwoord: ...*wat?* en *vir wie?* Die antwoord op die “wat?” vraag dui die direkte voorwerp aan. Die antwoord op die vraag “vir wie?” dui die indirekte voorwerp aan. Byvoorbeeld:

- Die kinders speel met die bal. Vraag: die kinders speel met wat? Antwoord: die bal (**direkte voorwerp**)

Hulpbron 12 / Resource 12

- My ma het 'n nuwe motor gekoop. Vraag: my ma het wat gekoop? Antwoord: 'n motor (**direkte voorwerp**).
- My ma het vir my broer 'n nuwe motor gekoop. Vraag: my ma het wat gekoop? Antwoord: 'n motor (**direkte voorwerp**). Vraag: vir wie het my ma 'n nuwe motor gekoop? Antwoord: my broer (**indirekte voorwerp**).

Nog 'n aspek van sinne is die gebruik van bepalinge (ook bekend as *adjunkte*). Bepalinge word gebruik om addisionele inligting by 'n sin te voeg. Ons kry drie verskillende bepalinge: tyd, plek en wyse. Hierdie bepalinge kan soos volg gebruik word:

- My broer moet Maandag (tyd) my suster by die lughawe (plek) gaan haal
- Die man parkeer sy voertuig by die winkelsentrum. (plek)
- Ek sal môre (tyd) die kos gaan koop.
- Hy skop die bal baie hard. (wyse)

2. Vraagsinne: Vraagsinne word gebruik om 'n vraag te vra. Vraagsinne word gevorm deur die werkwoord in die sin na die begin van die sin te skuif of deur die onderwerp of voorwerp in die sin met 'n voornaamwoord te vervang.

- Die man eet die appel = Eet die man die appel? / Wat eet die man? / Wie eet die appel?

3. Bevelsinne gee 'n bevel. Dit kan met of sonder 'n uitroepeteken geskryf word en begin met 'n werkwoord wat die bevel aandui.

- Gee vir my die boek! / Gee vir my die boek.
- Koop asseblief vir my roomys! / Koop asseblief vir my roomys.

Students

This resource explains grammar concepts and therefore differs from resources 1 – 10. This resource is only a summary of certain concepts. You must still read all the information about a specific concept in the study guide.

This resource describes grammar pertaining to Afrikaans specifically.

ENGLISH

Syntax (p. 130 – 135)

Syntax can be described as “the building of sentences”. In syntax, the focus is on the elements of a sentence and not the elements of individual words (Resource 11).

In this module, a distinction is made between three types of sentences: “stelsinne” (statements), “vraagsinne” (questions) and “bevelsinne” (orders).

1. “Stelsinne”: These sentences are statements, in other words no question is asked and no order is given. For example:

- Ek hou van appels. (I like apples)

Hulpbron 12 / Resource 12

- Die vrou koop 'n rok. (The woman buys a dress)
- My buurman braai vleis. (My neighbour is barbequing some meat)

The basic structure of Afrikaans sentences is: onderwerp (subject), werkwoord (verb) and voorwerp (object). The “onderwerp” is the person / object performing the action. The “voorwerp” is the person or object receiving the action. The “werkwoord” is the action.

If we use the examples above the structure of each looks like this:

- Ek (**onderwerp**) hou van (**werkwoord**) appels (**voorwerp**)
- Die vrou (**onderwerp**) koop (**werkwoord**) 'n rok (**voorwerp**)
- My buurman (**onderwerp**) braai (**werkwoord**) vleis (**voorwerp**)

Remember that in Afrikaans, a sentence cannot function without a verb, but it can function without an object. For example:

- My buurman braai = My buurman (**onderwerp**) braai (**werkwoord**)
- Hy sing = Hy (**onderwerp**) sing (**werkwoord**)
- Die kinders speel = Die kinders (**onderwerp**) speel (**werkwoord**)

When we identify the “voorwerp” of a sentence, we can classify the “voorwerp” as either “direk” (direct) or “indirek” (indirect). To do this we have to answer to questions: ...*what?* and *for who?* The answer to the first question provides us with the “direkte voorwerp” and the answer to the second question provides us with the “indirekte voorwerp”. For example:

- Die kinders speel met die bal. Question: die kinders speel met wat? Answer: die bal (**direkte voorwerp**)
- My ma het 'n nuwe motor gekoop. Question: my ma het wat gekoop? Answer: 'n motor (**direkte voorwerp**).
- My ma het vir my broer 'n nuwe motor gekoop. Question: my ma het wat gekoop? Answer: 'n motor (**direkte voorwerp**). Question: vir wie het my ma 'n nuwe motor gekoop? Answer: my broer (**indirekte voorwerp**).

Another aspect of sentences in Afrikaans are “bepalings” or “adjunkte” (modifier). “Bepalings” are used to add additional information to a sentence and can be divided into “tyd” (time), “plek” (place) en “wyse” (manner). “Bepalings” can be used as follows:

- My broer moet Maandag (tyd) my suster by die lughawe (plek) gaan haal
- Die man parkeer sy voertuig by die winkelsentrum. (plek)
- Ek sal môre (tyd) die kos gaan koop.
- Hy skop die bal baie hard. (wyse)

2. “Vraagsinne”: These are used when asking a question. “Vraagsinne” in Afrikaans can be formed by moving the verb to the beginning of the sentence or by replacing either the subject or object with a pronoun.

- Die man eet die appel = **Eet** die man die appel? / **Wat** eet die man? / **Wie** eet die appel?

Hulpbron 12 / Resource 12

3. “Bevelsinne”: These sentences are used to indicate that you are giving an order / ordering someone to do something. It can be written with or without an exclamation mark and starts with the verb indicating the action that must be taken.

- Gee vir my die boek! / Gee vir my die boek.
- Koop asseblief vir my roomys! / Koop asseblief vir my roomys.